BEROEPENUUS— 19 Jan 2014
Beroepe ontvang-
Dr JA Erasmus van Odendaalsrus na Kimberley

Aurelius Augustinus – 'n Kwajong word kerkvader *(deur N van der Merwe 2009)*

Vervolg van verlede week

Dwalend en tot bekering

In die herfs van die jaar 370 begin sy studies aan die leerskool in Kartago. Saam met sy studie het Augustinus ook sy losbandige lewe met maats voortgesit. Hy het buite-egtelik saam met 'n vrou gelewe by wie hy uiteindelik 'n seun, Adeodatus, gehad het. Tot verdere droefheid van sy ma sluit hy by die sekte van die Manicheërs aan en hy word een van hulle leiers. Herfs 373 voltooi hy sy studie maar vind geen bevrediging en rus nie. In 374 keer hy terug na Kartago as dosent in Retorika. In sy soeke na waarheid vertrek hy aan die einde van 383 na Rome waar hy privaat lesse aan studente gee. Met gunstiger omstandighede in die vooruitsig gaan vestig hy hom in 384 te Milaan. Hier maak Augustinus kennis met Ambrosius na wie se preke hy gereeld gaan luister. Hy begin ook nou die Bybel te bestudeer. Veral sy sondige en losbandige verlede rus swaar op sy gewete. Die sielestryd in Augustinus het in heftigheid toegeneem. Die Here lei hom tot bekering en op 25 April 387 word hy in Milaan gedoop. Hy keer na Tagaste terug, totdat hy in Hippo Regius in 391 presbiter en in 396 biskop van hierdie dorpie aan die Middellandse See word. Hy bly biskop daar totdat hy op 28 Augustus 430 in die ouderdom van 75 jaar en 9 maande oorlede is.

Sy invloed strek baie ver

Augustinus het van sy toetrede tot die gemeentelike lewe die stryd gevoer teen die dwaalleer van die Manigeïsme, Donatisme en Pelagianisme. Sy stryd en verweer teen hierdie mense kan veral gevind word in die baie, baie geskrifte en boeke wat die lig gesien het. Dit is dan ook hierdeur wat sy invloed in die lewe en denke van die hervormers deurgewerk het. Dit kon gebeur omdat die geskrifte van Augustinus sedert 1493 in druk verskyn het. Op hierdie wyse kon Martin Luther, Ulrich Zwingli, Oecolampadius, Melanchton, Bucer, Flacius en andere met die gedagtegang van Augustinus kennis maak en daarin deel.

Word vervolg

Baie geluk met u verjaarsdag

20/01– Johan Heystek 0798796877	23/01– Pieter van der Dussen 0828205298
20/01– Hannes Vosloo 0836314455	25/01– Annetjie Badenhorst 0798874954
21/01– Beatrix de Villiers 0832947619	25/01– Willie du Plooy (sr.) 0825696009
21/01– Louis Kruger 0842153275	*26/01– Teuns Lagerwey* *0829552975 **
22/01– Dirk Osche 0823364104	*26/01– Martie Steyn* *0123233965 **
** 80 jaar en ouer*	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Die mensekind leer eers om te luister, dan leer hy om te praat en dan verleer hy om te luister – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

19 Januarie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Eksodus 33:1-23
Teks: Eksodus 33:7
Sing: Ps. 84:1,3; Ps. 32:3; Ps. 106:1,8,9; Ps. 91:1,5

WAAR STAAN DIE TENT VAN ONTMOETING IN U LEWE?

U moet aan die begin van 2014 vir jou 'n tent van ontmoeting kan opslaan.

Ons benader hierdie tent van drie kante.

Eerste sien ons die ongewone plek waar Moses hierdie tent opslaan. Tweedens sien ons die afspraak by hierdie tent.

In die laaste plek die beweging na- en van hierdie tent. Ja, in hierdie jaar sal dit dikwels in u verhouding met God ook gaan om plek, afspraak en beweging…

KATKISASIE– Katkisasie opening vandag.
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Doop– verbondskindjie
Br en sr Coenie en Chantelle van Jaarsveld
Skriflesing: Mattheus 10:16-33
Teks: Mattheus 10:29
Sing: Ps. 146:4,8; Ps. 128:4; Ps. 31:17,19; Ps. 84:2,6

MÉÉR WERD AS BAIE MOSSIES

Ons hoor vanoggend Jesus vir sy dissipels dit sê, maar ook vir ons- *julle is meer werd as baie mossies…*
Eerste gaan dit oor God se betroubaarheid.
Tweede oor jou en my versigtigheid.
In die laaste plek – ons almal se opregtheid….ook by vandag se doop.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

Volgende Sondag (26/01) – Wyke 18 en 19
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy (jr.)

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Duppie du Plessis wat geval en rondom sy heup-gedeelte seergekry het word volledige herstel toegebid. Hy is ontslaan uit die hospitaal maar moet nog die volgende paar weke by aansterking-kliniek (step-down) versorg word.
Sr Connie Buys wie se gesondheid nie goed is nie word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Ann van der Merwe** bly in ons gebede . Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Wes-koppies. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.
Aan al ons kinders wat die week weer moes teruggaan na die skole, mag dit vir julle 'n geseënde jaar wees en julle mag groei in die kennis wat die Here van julle verwag.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot verwagtinge het ons hierdie projek van stapel gestuur. Die insameling is deur die hele kerkverband geloods. Op die einde was ons fondse oor die R180 000 wat ingesamel is. Ons het gedurende die vakansie die voertuig aangekoop. Ons bede is dat dit mag dien tot uitbreiding van God se koninkryk in Zambië waar ds. Charles Zulu die voertuig sal gebruik. Dit behoort aan die gemeente wat daar gestig is bekend as die *Confession church* in Zambië. Aan almal wat op een of ander wyse 'n bydrae kon lewer ons hartlike dank. Ons is ook dankbaar teenoor die NG kerk in Lusaka wat ons gehelp het om die fondse te kon oorplaas en administreer, in besonder hulle kassier br Gert van der Walt, ook 'n oud-gereformeerde. Dit was maar 'n moeisame en beproewende fase...

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Christelike onderwys Intand-houding
26/01/2014 **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Jeugsorg Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
21/01	Finans– en advies vergd
23/01-	Kerkraadsvergd
7-9/02	Belydenis-katkisante kamp
11-12/02	Belydenis-katkisante ondervraging
13/02	Oudl-vergd
16/02	Voorbereiding
23/02	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.
Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 9:18

Opwekking van die dogtertjie van Jaïrus

9:18, owerste – Uit Mark 5 weet ons hierdie man se naam was Jaïrus. Waarskynlik was hy die ouderling/oudste wat verantwoordelik was vir die eredienste.

Val . . . neer – Aanbiddende eerbewys aan Jesus.

Lê U hand – *Ook na hierdie vers het Totius verwys oor die vraag van hand-oplegging by genesing. V 25 verhaal dat Jesus die dogtertjie se hand gegryp het. Dit was **nie** `n "werklike mededeling van geestelike ampsgewing nie", sê Totius. So het die diakens (Hand 6:3) nie eers die Heilige Gees ontvang **nadat** hulle hande opgelê is nie . . . hulle was juis as diakens verkies omdat hulle **reeds tevore** blyke gelewer het dat hulle vol van die Heilige Gees was. Dit is **die Roomse** wat bygelowig begin leer het dat die handoplegging aan die priesters `n "onuitwisbare karakter" meegedeel word.*

Jaïrus glo.net soos die Romeinse hoofman (hfst 8) in Jesus se goddelike mag. Al is die dogter al dood, smeek hy die Here om haar te kom opwek. Lukas sê nie dat die meisie reeds dood was nie, maar dat die pa gesê het dat sy op sterwe lê. Verklaarders wil tog hê dat die woorde in Lukas wel die bybedoeling dra dat sy so goed as dood is.

Genesing van die vrou met bloedvloeïng

9:20-22, bloedvloeïng – Dit moes nie net `n liggaamlike lyding gewees het nie, maar ook geestelik: in Israel sou die vrou fisies en seremonieel (geestelik) as onrein beskou gewees het.

Sommiges beskou die vrou se voorneme om net aan Jesus se soom te raak as bygeloof. Ander sien dit weer as nederigheid en ook besondere vaste geloof. Jesus bevestig dit, wanneer Hy aan haar sê: "jou geloof het jou gered."

Die Fariseërs sou dit vermy om aan haar te raak, om nie self onrein te word nie. Hiermee wys die Here weereens Sy liefde en ook Sy mag. Jesus word egter nie onrein nie, want Hy reinig die vrou.

Verder weer: By die huis van Jaïrus

9:23, te kere gaan – Tipies Oosters sou die mense op `n uiters emosionele wyse hulle rou bedryf. Iemand het gestel dat selfs die armstes ten minste twee fluitspelers en een vrou hê wat as professionele rouklaers optree.

9:24 – Jesus stuur die mense weg. Hulle rou is misplaas. Sy woorde wys dat Hy vooraf geweet het dat Hy die dogter sal opwek. Die meisie was nie in `n skyndood, soos soms beweer word nie. Die pa se woorde en die rouklaers wys daarop dat hulle beslis geweet het sy is oorlede. Jesus sê dat sy slaap, met die oog op haar opwekking. Haar dood is slegs tydelik.

9:25, uitgedryf – Dit moes seker `n redelike taak gewees het om daardie mense in hulle oorgegewe roubedryf daar uit te kry. Jesus wou hulle uit hê, dat dit nie die toege-wyde atmosfeer moes steur, waarin die wonder-opwekking gaan plaasvind nie.

Twee blindes en `n duiwelbesete stomme genees

9:27-31, Seun van Dawid – Die Messiaanse titel van Christus word eers gebruik nadat die blindes hulle nood verklaar het. Dit kan gesien word as meer klem op wat hulle wil hê, as op `n belydenis van Jesus as die Christus (Messias). Waar onder Jesaja 35:5 profeteer het dat Hy blindes sal laat sien, kan dit ook `n soort toets van die mense se kant wees . . . miskien het hulle bedoel: "**As** U die Messias is . . ."

Bogenoemde negatiewe spekulasies kan egter dalk opsy geskuif word, as v 28 stel dat hulle beweer het hulle glo Jesus kan hulle genees. Jesus sê daarop dat dit vir hulle moet wees volgens hulle geloof (v 29). En hulle is genees. Dan moes hulle geloof in die genesing eg gewees het. Of dit egter net geloof was ter wille van die wonder, word nie gemeld nie (wondergeloof).

Die geneesdes is ongehoorsaam aan Jesus, wat hulle verbied het om oral rond te vertel wat gebeur het – Hy wil gevolg word oor Sy woorde, en nie oor die wonderdade nie. Dit was slegs om die gelowiges verder te versterk in hulle geloof.

9:32-34, duiwel uitgedryf – Die duiwel wat hierdie man beset het, het weer anders gewerk as die duiwels wat die besetenes in Gadara gedryf het: hy was stom. Wanneer die man genees word, is die mense nog verder verwonderd. Ten spyte van seuns van Fariseërs wat voorgegee het dat hulle duiwels kon uitdryf, word gesê dat hierdie wonders nog nooit in Israel gebeur het nie.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Jan 1871– Eugene Marais gebore; *10 Jan 1818*– Dirk Postma gebore; *11 Jan 1859*- Uittrede 15 Gereformeerdes uit die Herv. Kerk van ZAR; *12 Jan 1666*– Ds. Joan van Arckel eerste vaste geordende predikant aan die Kaap onverwags op 26-jarige ouderdom oorlede; *12 Jan 1865*– JFE Cilliers gebore; *13 Jan 1849*– Kerkbode, amptelike mondstuk van die NG kerk verskyn die eerste keer; *13 Jan 1922*– CP Hoogenhout oorlede; *18 Jan 1677*– Jan van Riebeeck oorlede ; *20 Jan 1831*– Geboortedag van genl. Piet Joubert; *21 Jan 1854*– Geboortedag van ds. Petrus Postma; *21 Jan 1860*– Gerf kerk Burgersdorp gestig; *25 jan 1981*– Die Laingsburg vloedramp vind plaas; *29 Jan 1956*– Toon van den Heever oorlede; *29 Jan 1996*– Jamie Uys oorlede;